



+27 28 514 8500



info@swellenmun.co.za



swellenmun



www.swellenmun.co.za



+27 28 514 2694



49 Voortrek Street, Swellendam | P.O Box 20, Swellendam 6740

## HUISWINKEL AANSOEKVORM

(Aansoek om Vergunning ingevolge Artikel 15(2)(o) van die Swellendam Munisipaliteit: Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, PN 213/2015)

### VOORSKRIFTE:

1. Voltooi asseblief hierdie vorm volledig. Onvolledige aansoeke sal nie aanvaar kan word nie.
2. 'n Afskrif van die eienaar se ID dokument moet ook aangeheg word.
3. 'n Aansoekfooi, soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal, is betaalbaar alvorens die aansoek oorweeg kan word (die bedrag beloop **R1 368.00** (BTW ingesluit) vir die boekjaar 2020/2021). **Die fooi is nie terugbetaalbaar nie.**
4. 'n Terreinplan, waarop die betrokke gedeelte van die huis wat vir die huiswinkel aangewend gaan word duidelik ingekleur is, moet aangeheg word.
5. Die goedkeuring van hierdie aansoek is onderhewig aan die vereistes van die Wetgewing, die Raad se beleid, publieke deelname, en die insette van die relevante Departemente. Die Swellendam Munisipaliteit is by magte om hierdie aansoek af te keur indien dit nie aan al die vereistes voldoen nie.
6. Daar is 'n wagperiode van ongeveer 3 maande.

2/...

### A. AANSOEK BESONDERHEDE

1(a) Adres/ligging van die eiendom waarop die aansoek betrekking het:

<b>Erfnommer:</b>	
<b>Straatadres:</b>	
<b>Dorp:</b>	

1(b) Is die huis op die eiendom 'n HOP huis?

<b>JA</b>	<input type="checkbox"/>	<b>(Let Wel: Ingevolge die Raad se beleid mag 'n huiswinkel nie uit 'n HOP huis bedryf word nie, maar wel uit 'n aparte goedgekeurde struktuur).</b>
<b>NEE</b>	<input type="checkbox"/>	

2. Is die aansoeker die geregistreerde eienaar(s) van die eiendom?  
(Merk die toepaslike blokkie met 'n X)

<b>JA</b>	<input type="checkbox"/>	<b>(Let Wel: Ingevolge die Raad se beleid mag die aansoek slegs deur die eienaar gedoen word).</b>
<b>NEE</b>	<input type="checkbox"/>	

3. Aansoeker besonderhede:

<b>Naam en Van: ID</b>	
<b>Nommer:</b>	
<b>Posadres:</b>	
<b>Telefoonnommer:</b>	

4. Watter vertrekke/gedeeltes van die eiendom gaan aangewend word vir die huiswinkel:  
(Merk die toepaslike blokkie met 'n X)

Slaapkamer	<input type="checkbox"/>	
Sitkamer	<input type="checkbox"/>	
Garage	<input type="checkbox"/>	
Buitekamer	<input type="checkbox"/>	
Enige ander	<input type="checkbox"/>	
		Spesifiseer:

**Let Wel:** In die volgende gevalle word 'n huiswinkel nie toegelaat nie:

Die badkamer en kombuis mag nie as 'n huiswinkel aangewend word nie.

'n Vertrek wat vir huiswinkel doeleindes aangewend word mag nie gelykertyd vir woon doeleindes aangewend word nie.

Alle strukture moet aan die Nasionale Bouregulasies voldoen, mits die Skemaregulasies voorsiening maak vir skuilings (bv. in die informele areas).

5.

Totale oppervlakte van die huiswinkel:	m <sup>2</sup>
Totale oppervlakte van die huis:	m <sup>2</sup>

**Let Wel:** Die huiswinkel mag nie groter as **20m<sup>2</sup>** wees nie.

6. Lys die handelsware en produkte wat u van voornemens is om te verkoop:

1.	6.
2.	7.
3.	8.
4.	9.
5.	10.

**Let Wel:** Die volgende word nie by 'n huiswinkel toegelaat nie:

Stoor en verkoop van alkoholiese drank; Stoor van en verkoop van gas en gassilinders (en ander vlambare vloeistowwe).

**B.**

**VERKLARING**

Ek, die ondergetekende sertifiseer hiermee dat die volgende dokumentasie aangeheg is:

		√
1.	Aansoekfooi van <b>R1 368.00</b> (reeds betaal by die kassiere)	
2.	'n Afskrif van die eienaar se ID	
3.	Terreinplan	
4.	Afskrif van werkspermit indien vereis	
5.	Afskrif van die titelakte/bewys van eienaarskap	

En dat al die inligting wat in hierdie vorm verskyn, asook die inligting in die aanhangsels, korrek en volledig is en dat die aansoek verstaan word. (Let op die inhoud van die Voorskrifte).

**HANDTEKENING:** ..... **DATUM:** .....

**VOLLE NAME:** .....

**DATUM WAAROP AANSOEK BY SWELLENDAM MUNISIPALITEIT INGEDIEN IS:**

.....

**BYLAE:**

1. Dat die goedkeuring vir 'n tydperk van 3 (drie) jaar geldig sal wees waarna 'n aansoek om die verlenging van die goedkeuring ingedien moet word solank dit binne die periode van die oorspronklike goedkeuring geskied;
2. Die goedkeuringsbrief en terreinontwikkelingsplan moet ten alle tye in die huiswinkel beskikbaar wees en op versoek verskaf word;
3. Dat die huiswinkel slegs gebruik mag word vir handelsdoeleindes deur die geregistreerde eienaar/huurder van die volle eiendom bedryf word (in ooreenstemming met 'n geldige wettige ooreenkoms) – die geregistreerde eienaar/wettige huurder moet op die eiendom woon;
4. In die geval van 'n huurder moet hy/sy 'n geldige huurkontrak voorlê. Onderverhuring van slegs 'n gedeelte van die eiendom is nie toelaatbaar nie;
5. Niemand mag binne die huiswinkel-struktuur slaap nie;
6. Die huiswinkel moet direk deur die eienaar/huurder (of sy/haar onmiddellike familie wat op die eiendom woon) bedryf word, geen assistente van buite die familie mag die huiswinkel bestuur nie.
7. Die onrus rus op die eienaar/Huurder om te verseker dat hy/sy te alle tye 'n geldige woonpermit/werkpermit en 'n vlugtelingspermit het (indien van toepassing). Indien die persoon in gebreke bly om so 'n permit te wys, sal die aansoek onmiddellik teruggetrek word en die huiswinkel sal gesluit word.
8. Dat hierdie goedkeuring van toepassing is op die eienaar/huurder en sal verval indien die eiendom verkoop of andersins vervreem word;
9. Dat hierdie goedkeuring nie oordraagbaar is nie en verkoop kan word nie;
10. Dat die huiswinkel nie groter as 20m<sup>2</sup> sal wees nie;
11. Dat veiligheids- en gesondheidsvereistes van toepassing ten alle tye nagekom word. Daar moet verder ook om 'n geskikheidsertifikaat ingevolge Regulasie 918 van 1999 (indien vereis) aansoek gedoen word;
12. Dat die gebou waarin die huiswinkel bedryf word 'n struktuur moet wees wat voldoen aan die Nasionale Bouregulasies en die toepaslike Skemaregulasies;
13. 'n Huiswinkel mag slegs bedryf word vanuit 'n struktuur wat voldoen aan die Swellendam Geïntegreerde Soneringskema Regulasies, 2014, en wat deur die Afdeling Stadsbeplanning en Boubeheer goedgekeur is;
14. Daar moet 'n bestaande wooneenheid op die eiendom wees wat bewoon word deur die eienaar of 'n wettige huurder;
15. Dat geen alkoholiese drank, vlambare materiaal of vloeistowwe verkoop vanaf of gestoor mag word op 'n huiswinkelperseel nie;
16. Dat geen nuwe munisipale dienste aansluitings, of die uitbreiding van bestaande munisipale dienste mag plaasvind nie en indien die besigheidsaktiwiteit sodanig uitbrei dat vergroting van die besigheidslokaal nodig word, moet die betrokke besigheid verskuif word na 'n perseel wat dienooreenkomstig in terme van die Raad se soneringskema gesoneer is;
17. Dat slegs een onverligte advertensieteken, nie groter as 90cm x 60cm, sal vir 'n huiswinkel toegelaat word; 'n aparte aansoek sal aan die Munisipaliteit gerig moet word kragtens die Verordening op Buite-advertensie, en advertensietekens en mag nie binne die gereserveerde padgebied opgerig word nie;
18. Dat aflewering nie met swaarvoertuie mag plaasvind nie;

19. Dat geen aktiwiteite plaasvind wat 'n bron van hindernis of ergenis vir bewoners van die omliggende omgewing kan wees nie;
20. Dat die goedkeuring nie die eienaar vrywaar om aan enige ander relevante statutêre vereistes te voldoen nie;
21. Dat 'n 4.5 kg brandblusser op die perseel gehou word;
22. Dat winkelure word beperk tussen 06h00 en 22h00 daaglik, tensy anders bepaal vir 'n spesifieke eiendom
23. Enige persoon wat Munisipale toestemming gekry het om 'n huiswinkel te bedryf en kies om die bedryf te beëindig, moet die Munisipaliteit skriftelik in kennis stel;
24. Slegs een huiswinkel sal op 'n eiendom toegelaat word;
25. Niemand mag meer as een (1) huiswinkel besit of toestemming gee om meer as een huiswinkel namens hom/haar te bedryf nie;
26. As voorraad afgelewer word, moet die aflewering beperk word tot normale sake-ure, van 08:00 tot 17:00;
27. Geen blêrkaste sal in 'n huiswinkel toegelaat word nie;
28. Die aansoek-eiendom sal beperk word tot een elektrisiteits dienskonneksie, wat nie in twee elektriese voorsienings verdeel mag word en wat deur slegs een meettoestel (gedeelde voorsiening) gemeet sal word. Die erf is ook beperk tot sy bostaande elektriese voorsieningskapasiteit;
29. Geen voedsel mag op die terrain voorberei of verwerk word nie;
30. Dat die Raad hom die reg voorbehou om die goedkeuring vir die bedryf van 'n huiswinkel summier terug te trek indien daar nie aan bogenoemde voorwaardes voldoen word nie en/of indien dit na die Raad se mening 'n steurnis vir omliggende eienaars tot gevolg het. In so 'n geval sal die Raad nie verantwoordelik gehou word vir enige koste wat deur die eienaar/huurder aangegaan is nie.
31. Dat 'n formele ooreenkoms tussen die aansoeker en die Swellendam Munisipaliteit aangegaan word, met 'n opseggingsklousule van die goedkeuring, vir nie voldoening aan die goedkeuringsvoorwaardes.

Ek, die ondergetekende, wettige eienaar van erf ..... dorp .....  
 ertifiseer hiermee dat ek hierdie voorwaardes verstaan en aanvaar en  
 onderneem om aan hierdie beleid ten alle tye te voldoen.

**VOLLE NAAM EN VAN, VAN DIE EIENAAR:** .....

**HANDTEKENING:** .....

**DATUM:**.....